



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**SENIOR FASE**

**GRAAD 9**

**NOVEMBER 2010**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**Taal en Skryfwerk**

**MEMORANDUM**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

---

**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP****Nasien van die leesbegrip:****RIGLYNE:**

1. Geen penalisering van **SPEL- EN TAALFOUTE** nie.
2. Die leerder se antwoorde moet volgens die instruksies by elke vraag beantwoord word.
3. Die leerder se antwoord moet 'n sinvolle antwoord in Afrikaans wees. Indien 'n antwoord van 'n ander taal in 'n antwoord gebruik word, skryf slegs die hoofletter van die taal, bv. **[E (ENGELS/X (XHOSA)]** boaan die woord neer. Druk die woord toe; indien die betekenis van die antwoord nie beïnvloed word nie, is die antwoord korrek.
4. Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
5. Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite nagesien.
6. Indien die vraag EEN WOORD vra en die woord is uitgelig (onderstreep/tussen aanhalingsstekens) word die punt toegeken.
7. WAAR (JA) of ONWAAR (NEE/VALS/NIE)
  - EERSTE DEEL KORREK en motivering verkeerd (1)
  - Eerste deel VERKEERD en motivering verkeerd (0)
  - Eerste deel verkeerd en MOTIVERING KORREK (0)
8. Indien die vraag spesifieer dat die antwoord aangehaal moet word, moet aanhalingsstekens gebruik word en die korrekte woorde aangehaal word. Geen penalisering indien die antwoord nie tussen aanhalingsstekens is nie.

### **Kom ons vat saam**

- ✓ Spel en taalfoute word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- ✓ Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- ✓ Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- ✓ Waar een-woord-antwoorde gevra word en die leerder 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord ondersteep word of op een of ander wyse uitgelyig word.
- ✓ Wanneer twee of drie punte/feite vereis word en die leerder gee 'n hele reeks, word **slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien**.
- ✓ Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woord sinvol is, word die leerder nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- ✓ Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

### **AFDELING A**

#### **VRAAG 1: LEESBEGRIP – KOERANTARTIKEL**

- |      |  |            |
|------|--|------------|
| 1.1  | Sy is immers nie van rubber gemaak nie!... word nie letterlik bedoel nie.                              | (1)        |
| 1.2  | Sy het nog nooit formele (gimnastiek)-opleiding ontvang nie.   | (1)        |
| 1.3  | (C) 'n Toets om te kyk hoe goed 'n deelnemer is.   | (1)        |
| 1.4  | Sprakeloos (✓)/verbaas (✓)/verwonder (✓) [Enige EEN of gepaste omskrywing]                             | (1)        |
| 1.5  | Haar talent is tydens 'n <b>skoolopvoering</b> vir Mandeladag ontdek.                                  | (1)        |
| 1.6  | A (iemand wat toertjies doen waardeur die toeskouer mislei word)                                       | (1)        |
| 1.7  | 6 jaar oud/ses jaar oud/Sy was ses.  | (1)        |
| 1.8  | 1.8.1 ONWAAR<br>1.8.2 "bykans"   | (1)<br>(1) |
| 1.9  | Sy wil 'n danseres (✓) of gimnas word (✓), (maar stel ook belang in hip-hop en <i>break dancing</i> .) | (2)        |
| 1.10 | Caylan verander net haar posisie, dan kry sy nie seer nie.   | (1)        |
| 1.11 | 1.11.1 ONWAAR<br>1.11.2 "... haar dogter verras haar elke dag."  | (1)<br>(1) |
| 1.12 | Die gesin het dit nie breed nie./Hulle het nie baie geld nie./Hulle het finansiële probleme.           | (1)        |

[15]

**VRAAG 2: ADVERTENSIE**2.1 Enige **TWEE** van:

- Die advertensie is baie kleurvol (as dit in kleur afgedruk word op die vraestel ?!)
  - Tieners kan identifiseer met Hannah Montana
  - Tipiese loslit-tienertaal word gebruik (selfs vir tydskrif se naam)
  - ook ander moontlikhede
- (2)

2.2 Daar kom rym voor; “giere” rym met “diere”; “bou” met “dophou”. (1)2.3 D (Dis ’n pretboek met breinkrag). (1)2.4 “cool” (1)**[5]****AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 3**Die opsomming word **TWEE KEER** gelees:

- vir feite en taalfoute.
- vir onvolledige sinne.

**TWEE STELLE ANTWOORDE WORD AANGEBIED**

- Onderskei tussen beplanning en die finale antwoord en sien laasgenoemde na.
- Waar daar geen aanduiding van beplanning is, word die eerste stel nagesien.
- Beskou ’n aanbieding in potlood as beplanning.

**FEITE:**

- Sien eerste sewes inhoudelik na, al is die sinne in paragraafvorm.
- Assesseer net EEN feit per sin.
- 1 punt vir elke verstaanbare feit soos op memorandum
- As die betekenis van die feit nie sinvol oorgedra word nie, word die punt nie toegeken nie. (Die werkwoord is belangrik).
- Indien al die feite verkeerd is , kry die kandidaat geen punt vir taal, maar indien die aantal woorde korrek aangedui is, ken 1 punt toe.
- Die hoofgedagtes hoef nie in volgorde te wees nie.
- **TYDELIKE TOEGEWING:** Indien die opsomming in paragraafvorm aangebied word, word die eerste sewe sinne nagesien.
- Regmerkie bokant elke hoofgedagte per sin word nagesien.
- Punte word soos volg toegeken vir **HT** en **EAT**:
  - ✓ 7 punte vir 7 feite
  - ✓ 3 punte vir taal

Penaliseer soos volg:

- ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat.
- Die res van die opsomming word geïgnoreer.**
- ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die verskeie inligting, word die leerder **nie gepenaliseer nie.**
- ❖ Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie): trek soos volg van die 3 punte wat toegeken word vir taal, af:
  - ❖ 0 – 4 foute: geen penalisering
  - ❖ 5 – 10 foute: trek een punt af
  - ❖ 11 – 15 foute: trek 2 punte af
  - ❖ 16 foute of meer: trek 3 punte af
- ❖ Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer
  - ❖ 1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
  - ❖ 4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
  - ❖ 6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
- ❖ Trek 1 punt af van die totaal vir getal feite plus taalgebruik indien die leerder nalaat om getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

**LET WEL:** Leerders mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

### TIPIESE TAALFOUTE

- Woordorde in enkelvoudige sin ( Bv. O/werp + ww =V/werp
- Woordorde in samegestelde sin ( Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Infinitief
- Tyd, wyse en plek
- Ontkennende vorm
- Voornaamwoorde
- Vreemde woorde
- Direkte vertaling (**moedertaalinvoed**)
- Telegramstyl/onvoltooide sinne

### LENGTE

- Tel die aantal woorde en haal enige deel meer as 70 woorde deur.
- 1 punt vir korrekte getal woorde gebruik EN so aangedui.

**NEERSKRYF VAN PUNTE****KODE PUNT**

<b>Getal feite korrek</b>	<b>F</b>	<b>7</b>	<b>MAKS=7</b>
<b>Taal</b>	<b>T</b>	<b>3</b>	<b>MAKS=3</b>
<b>TOTAAL</b>		<b>10</b>	

NIE VOLGINNE NIE

NIE SINNE NIE	PENALISEER VAN TOTAAL
2 tot 3 hoofgedagtes nie in sinne nie	-2
4 en meer hoofgedagtes nie in sinne nie	-3

**Dinge wat jy nie moet doen nie as jy veilig wil wees**

1. Bly weg van winkels met maklike toegang tot parkeerplekke.
2. Wees versigtig by winkels op Sondae-middae of net voor oopmaak- of toemaaktyd.
- 3 Moenie dat rowers jou inkopies sien nie.
4. Handsakke moenie oor 'n stoelrug hang nie.
- 5 Moenie tydens 'n aanval vir 'n rower kyk nie.
6. Gee vir 'n rower wat hy vra.
7. Val plat tydens 'n rooftog en bly so lê tot die gevvaar verby is.

**[64 woorde]** (Onthou: 70 – 75 woorde maks)**TOTAAL AFDELING B:** **10**

**AFDELING C: TAALKUNDE****VRAAG 4: Woordstrukture**

(ONTHOU: een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.)

(By hierdie taalafdeling moet die taalantwoorde 100% reg gespel wees)

- |      |  |                             |     |
|------|--|-----------------------------|-----|
| 4.1  | tiere of tiers   | (spelling moet korrek wees) | (1) |
| 4.2  | Die kat drink melk uit 'n <b>bakkie</b> .  |                             | (1) |
| 4.3  | As die kat weg is, <b>is die muis baas</b> .   |                             | (1) |
| 4.4  | sewentien (spelling moet korrek wees)  |                             | (1) |
| 4.5  | Ma. (net dit) (spelling moet korrek wees)  |                             | (1) |
| 4.6  | vlieënier ( <b>loods</b> word nie aanbeveel nie) (spelling moet korrek wees)                         |                             | (1) |
| 4.7  | Italianers/Italiane (spelling moet korrek wees)  |                             | (1) |
| 4.8  | Nog nie gevang nie.  |                             | (1) |
| 4.9  | Eienares (spelling moet korrek wees)   |                             | (1) |
| 4.10 | Pad (spelling moet korrek wees)  |                             | (1) |
| 4.11 | Mnr. Fernandes het gesê dat hy nie weet hoe hy die kap van die bakkie kon oopmaak om uit te kom nie. |                             | (2) |
| 4.12 | Hondmak (spelling moet korrek wees)  |                             | (1) |
| 4.13 | C (huwelikstatus word nie aangedui nie)  |                             | (1) |
| 4.14 | Dierebeskermingsvereniging   |                             | (1) |
| 4.15 | natuurlike   |                             | (1) |
| 4.16 | Die tier <b>is</b> deur die Dierebeskermingsvereniging gered.  |                             | (2) |

[18]

**VRAAG 5:**

**(Geen halwe punte word toegeken nie/woorde moet op die korrekte plek staan om 'n punt te kry/antwoorde moet in volsinne aangebied word)**

**Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.**

- |     |       |  |     |
|-----|-------|--|-----|
| 5.1 | 5.1.1 | Nee, Meester wil <b>nie</b> hê ek moet ekstra-Wiskundeklasse neem <b>nie</b> . | (1) |
|     | 5.1.2 | Juffrou Strydom het gesê ek moet operette oefen.                               | (2) |
|     | 5.1.3 | Môre <b>sal</b> Neelsie nêrens heen gaan <b>nie</b> .                          | (1) |
| 5.2 | 5.2.1 | Kosie sê vir Meneer dat hulle (✓) oral <b>gesoek het</b> . (✓)                 | (2) |
|     | 5.2.2 | D (uitroepsin)   | (1) |
| 5.3 | 5.3.1 | Die selfoon kan 'n e-pos stuur; <b>dus kan dit ook op die internet gaan</b> .  | (1) |
- [8]**

**VRAAG 6: Kritiese Taalbewustheid**

**Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.**

- |     |   |   |     |
|-----|---|---|-----|
| 6.1 | B | Goed dankie   | (1) |
| 6.2 | A | Môre! Goed dankie ...                                 | (1) |
| 6.3 | A | Ek weet jy kry swaar, maar moenie nou moed opgee nie. | (1) |
| 6.4 | D | Hoezit!   | (1) |
- [4]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**AFDELING D: SKRYFWERK****VRAAG 7: DIALOOG OF OPSTEL****LET WEL:**

1. Leerders moet beplanning toon: ten minste 'n kopkaart
2. Leerders wat nie beplan nie, penaliseer hulself
3. Nasienrubriek aangeheg

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	==	Kort dubbelstreep onder woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/S/X/Z	Die letter bo aan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Karet (weglaatteken)
Paragraafindeling	//	Dubbelskuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onverstaanbaar/onduidelik	ʃ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saangeflangs uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	'n Sirkel

**Kies EEN vraag en skryf 100-120 woorde oor die onderwerp.**

#### 7.1 Dialoog met pa oor Junie-eksamenpunte

- Die sprekers se name staan teen die kantlyn.
- Daar is 'n dubbelpunt na die naam.
- Daar word geen aanhalingstekens gebruik nie.
- 'n Reël word na elke spreker (spreekbeurt) oopgelaat.
- Ekstra inligting word tussen hakies geskryf.
- Die taal en styl moet by die onderwerp pas.
- Gebruik leestekens om emosie aan te duif.
- Die toon van die gesprek is belangrik. (Nie Pa as U/u aanspreek nie!)
- Dit gaan oor die leerder se oorredingsvermoë.
- Die leerder moet met gepaste argumente vorendag kom om sy/haar pa te oortuig dat sekere omstandighede daartoe gelei het dat hy/sy swak gevaaar het, bv. die moeilike eksamenrooster; die onderwysers wat werk getoets het wat nie behandel is nie (miskien a.g.v. die staking), ens.

(20x2) [40]

## 7.2 Opstel oor geld gewen in Lotto.

- Dit *kan* 'n **verhalende opstel** wees:
- Die opstel gaan oor 'n fiktiewe gebeurtenis (die wen van R5 miljoen rand).
- Dit word met entoesiasme geskryf: dit is immers 'n eenmaal-in-'n-leeftyd-gebeurtenis.
- Die inhoud is boeiend, interessant en samehangend.
- Die leerder dui aan hoe die geld aangewend is en hoe dit hul lewens verander het – miskien ten goede, moontlik ook ten kwade.
- 'n Treffende inleiding is noodsaaklik.
- 'n Gepaste slot.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet. (20x2) [40]

**TOTAAL:** 40

**GROOTTOTAAL:** 100

<b>20 PUNTE</b>	<b>KODE 7 Uitmuntend 80-100%</b>	<b>KODE 6 Verdienstelik 70-79%</b>	<b>KODE 5: Beduidend 60-69%</b>	<b>KODE 4 Voldoende 50-59%</b>	<b>KODE 3 Matig 40-49%</b>	<b>KODE 2 Basies 30-39%</b>	<b>KODE 1 Ontoereikend 0-29%</b>
<b>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</b>  <b>13 PUNTE</b>	<b><u>10½-13</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks.</li> <li>-Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings.</li> <li>-Inhou en idees algeheel Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks.</li> <li>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ Uitmuntend.</li> </ul>	<b><u>9½-10</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Goeie kennis van vereistes van teks.</li> <li>-Gedissiplineerde Skryfwerk, behou fokus, byna geen afwykings nie.</li> <li>-Inhou en idees: Samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks.</li> <li>-Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/Verdienstelik.</li> </ul>	<b><u>8-9</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Redelike kennis van vereistes van teks.</li> <li>-Behou fokus, onbenullige afwykings.</li> <li>-Inhou en idees Samehangend, details ondersteun die onderwerp.</li> <li>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks.</li> <li>-Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend.</li> </ul>	<b><u>6½-7½</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Voldoende kennis van vereistes van teks.</li> <li>-Inhou wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie.</li> <li>-Inhou en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks.</li> <li>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.</li> </ul>	<b><u>5½-6</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Gemiddelde kennis van vereistes van teks.</li> <li>-Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus.</li> <li>-Inhou wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend.</li> <li>-Inhou en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>-Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie.</li> <li>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.</li> </ul>	<b><u>4-5</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Elementêre kennis van vereistes van teks.</li> <li>-Inhou wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend.</li> <li>-Inhou en idees min Samehangend, min detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>-Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks.</li> <li>-Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.</li> </ul>	<b><u>0-3½</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Geen kennis van vereistes van teks nie.</li> <li>-Inhou wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend.</li> <li>-Inhou en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp.</li> <li>-Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks.</li> <li>-Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.</li> </ul>
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b>  <b>7 PUNTE</b>	<b><u>6-7</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Teks is grammataal Akkuraat, sinne goed saamgestel.</li> <li>-Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.</li> <li>-Styl, toon en register baie toepaslik.</li> <li>-Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.</li> <li>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes.</li> </ul>	<b><u>5-5½</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Teks is grammataal Akkuraat, sinne goed saamgestel.</li> <li>-Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.</li> <li>-Styl, toon en register meestal toepaslik.</li> <li>-Teks voorwegend foutloos na proeflees en redigering.</li> <li>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes.</li> </ul>	<b><u>4½</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Teks is grammataal maklik om te lees, sinne is goed saamgestel.</li> <li>-Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.</li> <li>-Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.</li> <li>-Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.</li> <li>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes.</li> </ul>	<b><u>3½-4</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute.</li> <li>-Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.</li> <li>-Styl, toon en register voldoende.</li> <li>-Teks het steeds foute na proeflees en redigering.</li> <li>-Lengte is amper korrek.</li> </ul>	<b><u>3</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Teks is basies saamgestel. Verskeie foute.</li> <li>-Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks.</li> <li>-Styl, toon en register toon gebreke.</li> <li>-Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.</li> <li>-Lengte is te kort/ te lank.</li> </ul>	<b><u>2½</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>-Teks is swak en moeilik om te volg.</li> <li>-Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie.</li> <li>-Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie.</li> <li>-Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.</li> <li>-Lengte is te kort/te lank.</li> </ul>	<b><u>0-2</u></b>  <ul style="list-style-type: none"> <li>Teks is swak saamgestel en verwarrend.</li> <li>-Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks.</li> <li>-Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie.</li> <li>-Opstel is besaai met foute en verward ten spyte van proeflees en redigering.</li> <li>Lengte is heeltemal te kort/te lank.</li> </ul>